**Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging**

Tel: 071 784 5275
E-pos: admin@hartenboshuiseienaars.co.za
Web: https://www.hartenboshuiseienaars.co.za

# NOTULE VAN LEDEVERGADERING NR 25
# 29 DESEMBER 2021

**Hartenbos NG kerk vierkant**
**9h00**

## 1 OPENING EN VERWELKOMING

Die voorsitster vra Prof Fanie Snyman om die vergadering te open. Hy lees ‘n skrifgedeelte voor (Matt 5:14-16) en doen ‘n gebed.

## 2 KONSTITUERING

Die voorsitster verklaar die vergadering grondwetlik saamgestel en stel die eerste punt op die agenda voor.

## 3 MOSIE VAN ROUBEKLAG

Agtergrond : Die Hartenbos Huiseienaars het kennis geneem van die skielike afsterwe van die sekretaris Schalk van Vuuren en sy vrou Wilma agv Covid wat beide opgedoen het. Dit is ook so dat talle van ons lede geliefdes aan die dood afgestaan het gedurende en as gevolg van die pandemie.

Aanbeveling : Die Hartenboshuiseienaarsvereniging betuig sy waardering vir jare se uitmuntende diens aan die vereniging wat Schalk gelewer het. Sy heengaan laat ‘n ontsettende leemte in die vereniging. Die vereniging betuig sy meegevoel met die kinders, kleinkinders en naasbestaandes van die Van Vuuren-familie. Die vereniging is ook bewus van talle lede wat geliefdes tydens die pandemie aan die dood afgestaan het. Die vereniging betuig ook sy meegevoel aan lede wat geliefdes aan die dood afgestaan het agv die Covid-pandemie.

Besluit : Goedgekeur soos verwoord in die aanbeveling.

## 4 MOSIE VAN DANK

Agtergrond : Gedurende die jaar het twee lede van die bestuur (Boeta van Heerden en Dries du Toit) na dekades van diens aan die vereniging hulle bedanking ingedien.

Aanbeveling : Die ledevergadering bedank vir Boeta van Heerden en Dries du Toit se jarelange diens aan die vereniging. In die besonder word waardering uitgespreek teenoor Dries wat onder die turbulente tyd van Covid-19 en die afsterwe van Schalk van Vuuren leiding gegee het.

Besluit: Goedgekeur soos verwoord in die aanbeveling.

Toekennings vir dienslewering word oorhandig aan die volgende persone:
1 ) Mnr. Allister Fortuin ( 20 jaar)
2) Mnr. Aaron Niqwa (10 jaar)
3) Mnr . Wollie Nomdo ( 10 jaar)

## 5 KONDONERING: LEDEVERGADERING 2020 & BESTUUR 2021

Motivering : Die konstitusie van die vereniging bepaal dat 'n ledevergadering jaarliks gehou moet word. Tydens so 'n vergadering word 'n nuwe bestuur vir die volgende jaar verkies. As gevolg van die landwye ramptoestand kon daar geen jaarvergadering in 2020 gehou word nie en is 'n nuwe bestuur nie verkies nie. Omdat dit tot chaos sou lei sonder 'n bestuurskomitee, het die bestaande bestuurslede ingestem om vir 'n tweede termyn te dien totdat omstandighede genormaliseer het. Die Bestuur het namens die ledevergadering ook dieselfde ouditeure aangestel wat voorheen die vereniging se oudit behartig het.

Aanbeveling: Die vergadering kondoneer die feit dat 'n ledevergadering as gevolg van die nasionale ramptoestand nie gehou kon word nie asook dat die bestuur se termyn met een jaar verleng is en dat L Brill & Co as ouditeure aangestel is.

Besluit: Goedgekeur soos verwoord in die aanbeveling.

5a) *Die vergadering aanvaar die voorstel dat:*

i. die nuwe bestuur die grondwet moet verander wat ook virtuele ledevergaderings moontlik maak, en
ii. dat bestuurslede tydens 'n virtuele vergadering verkies mag word, asook
iii. dat die grondwet in geheel hersien moet word, en
iv. voorgelê moet word vir goedkeuring by die ledevergadering in Desember 2022.

5b) *Die vergadering aanvaar die voorstel dat:*

i. Dat die 2021 state afgeteken word deur die 2020-bestuur en aan die lede voorgelê word (die state is geoudit en die ouditeure is tevrede), en
ii. In beginsel dat die state jaarliks aan lede met genoegsame tyd ter insae, voor 'n ledevergadering beskikbaar gestel moet word.

## 6 AANVULLING VAN SAKELYS

**6.1 Plasing van wagtehuisie in Karoodorp.** Lisa Keech het 'n lang protes ingestuur namens die mense in Grasveldlaan wat gekant is teen die plasing op een van die HVHV se erfies. Lisa Keech.
Kennisname : Bestuur soek nog na 'n geskikte plek in Karoodorp.

**6.2 Riviersingel / Ons Elf Trust** – Navraag deur Kobus Burger.

**Nota : Vanaf hierdie punt is die vergadering ontwrig deur vrae wat gestel is op grond van onjuiste inligting**

**6.3 Tuindienste**
'n Voorstel is deur 'n lid ingedien dat individuele lede eerder self vir hul erwe moet sorg en dat grassnydienste uitfaseer moet word met gepaardgaande vermindering van die heffings.

Geen besluit is geneem.

## 7 NOTULE VAN LEDEVERGADERING 24 GEHOU IN 2019

Aanbeveling : Die notule is reeds gesirkuleer en word as gelees beskou. Die vergadering keur die notule goed. Kennisgeneem en goedgekeur.

## 8 BESTUURSVERSLAG **Erina Marais, O-voorsitster, waarnemend as voorsitster**

Motivering : 'n Verslag word jaarliks aan die ledevergadering voorgelê om die aktiwiteite van die Bestuur bekend te maak.
Aanbeveling : Die aktiwiteite van die Bestuur word aanvaar en goedgekeur.

## 9 FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING **Albert Grobler**

Die vergadering spreek hulle misnoë uit dat die finansiële state van 2020 en 2021 en die 2022-begroting nie saam met die Desember 2019-notule elektronies uitgestuur is na die lede ter voorbereiding vir die Desember 2021-vergadering nie.

Die state en die begroting word op die skerm geplaas ter bespreking. Spesifieke terugvoer oor die voorgestelde begroting was dat reiskoste van R81 000 buitensporig hoog is en dat virtuele bestuursvergaderings dit kan elimineer; R120 000 vir honorariums: duidelikheid oor die toedeling daarvan word verlang; en R15 000 vir etes was buitensporig hoog.

*Die vergadering aanvaar die volgende voorstelle:*

i. Dat die nuwe bestuur sal toesien dat die 2020 en 2021 state in detail geoudit word, en
ii. Dat 'n nuwe begroting vir 2022 spoedig deur die nuwe bestuur opgestel word, en
iii. Spoedig elektronies aan die lede voorgehou sal word, en
iv. Dat die registrasie by die huiseienaarsvereniging-ombudsman dringend ondersoek sal word.

## 10 AANSTELLING VAN OUDITEURE VIR 2022

Motivering : Ingevolge 'n bepaling in die konstitusie moet die ledevergadering jaarliks ouditeure aanstel om die rekeningkundige rekords van die Vereniging te oudit.

Aanbeveling : Mnre L Bril & Co doen reeds vir 'n aantal jaar die Vereniging se oudit. Die Bestuur het kwotasies aangevra en die genoemde firma se aanbod het tussen twee ander geval. Mnre Bril stel ook die finansiële state op waarvoor geen addisionele koste gehef word nie.

## 11 PADHEFFING EN BOUDEPOSITO

11.1 Motivering : Weens skade wat aangerig word deur vragmotors wat boumateriaal aanry, het dit noodsaaklik geword dat diegene wat huise verander en oorbou vervolgens ‘n bydrae lewer tot ons strate se herstelkoste.
Aanbeveling : Die bestuur het besluit dat ‘n heffing geïmplementeer word wat voorsiening maak vir klein en groot bouwerk en dat lede wat bou, proporsioneel moet bydra tot die padbouheffing, naamlik 1.5% X R10000 (huidige boukoste/$m^2$) X oppervlakte van aanbouing, verandering of nuwe geboue, dit wil sê R150 /$m^2$.
Besluit : Soos vervat in die aanbeveling.

11.2 Motivering : Daar is enkele bou-deposito’s wat nie opgevra is nie.
Aanbeveling : Depositos wat nie teen die finansiële jaareinde opgeëis is nie word na die padfonds oorgedra.
Besluit : Bevestiging van ‘n besluit wat enkele jare gelede reeds deur die bestuur geneem is en deur die ledevergadering goedgekeur is.

## 12 BYVOEGING TOT DIE GRONDWET

Sien Punt 5 van hierdie notule.

## 13 BESTUURSVERKIESING

Die vergadering spreek hulle dank uit aan Cornea Veldman en Erina Marais en meld dat hulle institusionele kundigheid nie verlore moet wees vir die nuwe bestuur nie.
Verkiesing van bestuur – Nominasies ontvang:

- Erina Marais
- Gideon Knoetze
- Nico Marais
- Fanie Snyman
- Albert Grobler
- Gallie van der Hoven
- Frans Stapelberg
- Lukie van Niekerk

Tydens die verkiesingsproses van die bestuurslede ontstaan daar verwarring aangesien daar vanaf die vloer teekanting teen van die nominasies uitgespreek word; van die bestuurslede meld mondeling hulle bedanking aan en sommige verlaat die vergaderinglokaal. Die vergadering versoek dat nuwe nominasies dadelik voorgehou word en hierdie genomineerdes motiveer waarom hulle verkiesbaar moet wees en vir watter portefeulje hulle beskikbaar is.

Die volgende bestuurslede (Sg. Komitee 2”) word met bg. proses vir die 2022-termyn verkies:

| BESTUURSLID | PORTEFEULJE |
|---|---|
| Prof. Fanie Snyman | Voorsitter |
| Nico Marais | Onder-voorsitter en Huisplanne, Bouwerk & Paaie |
| Dr. Santie von Below | Sekretaresse |
| Heimar Williams | Finansies |
| Kobus Burger | Ledekommunikasie |
| TJ Kotze | Grassnydienste |
| Frans Stapelberg | Sekuriteit |
| N’Ré du Toit | Webwerf en IT |

Binne die daaropvolgende weke blyk dit dat die proses wat gevolg is nie ooreenstem met wat in die konstitusie voorgehou word nie. Sodoende ontstaan daar 'n sg. "Komitee 1". Wat hierop volg word vervat in die notule van die HVHV Bestuursvergadering van 27 Januarie 2022 en word hier gedeel:

*"HARTENBOS HUISEIENAARSVERENIGING*

*BESTUURSVERGADERING: 27 JANUARIE 2022*

***NOTULE***

***1. VERWELKOMING EN OPENING*** *FS*

*Die voorsitter open met gebed en heet almal welkom.*

***2. PRESENSIE***

*Verskonings: Lukas van Niekerk*
*Teenwoordig: Frans Stapelberg, Nico Marais, Gideon Kotze, Santie von Below, Kobus Burger, Albert Grobler, TJ Kotze, N'Ré du Toit, Gallie van der Hoven (geen stemreg).*

***3. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE BESTUURSVERGADERING (NOTULE VAN 25 JANUARIE 2022)***

***3a. KOMITEE SAMESTELLING***

*Mosie: Dat daar genotuleer word dat 'n konsolidasieporses plaasgevind het tussen die sg. Komitee 1 en die sg. Komitee 2 en dat al 9 lede (met 'n addisionele lid sonder stemreg) kies om saam te werk op die nuutgevonde komitee "HHEV Bestuur 2022" in belang van die lede van die Hartenbos Huiseienaarsvereniging. Hierdie proses is genotuleer o.g.v. die bestuurskonsolidasievergadering wat virtueel plaasgevind het op 25 Januarie 2022 onder leiding van Frans Stapelberg. Die notule stipuleer die definisie van die belang van die huiseienaars, die bestuursbeginsels en beleid wat nodig is vir samewerking in 2022, en die uitkoms van die stemming oor watter persone verantwoordelikheid sal neem vir watter portefeuljes.*

*Agtergrond: Dit is met groot dankbaarheid dat die vergadering wil vermeld dat daar versoening en konsolidasie plaasgevind het na die turbulente lede vergadering van 29/12/2021 en die onsekerheid gedurende die paar weke daarna. Twee komitees het spontaan ontstaan wat beide gevoel het dat hulle regmatig verkies was, die konstitusie na hulle mening reg verstaan het, en die lede se belange op die hart wil dra, 'n Regsmening is ingewin en 'n kritiese blik is gevel op die konstitusie. Die opdatering van die konstitusie om relevant te wees blyk uit hierdie proses een van die uitdagings vir die nuwe bestuur te wees.*

*Voorstel: Nico Marais* *Sekondeer: Albert Grobler*

*Die voorstel word eenparig aanvaar."* *(Opgestel deur Santie von Below)*

*Vanuit bg proses is die bestuurslede vir 2022 en hulle portefeuljes soos volg toegedeel:*

- *Voorsitter: Frans Stapelberg*
- *Ondervoorsitter: Nico Marais*
- *Sekretaris: Santie von Below*

- *Finansies: Albert Grobler*
- *Sekuriteit: TJ Kotze*
- *Grassnydienste: TJ Kotze*
- *Bouplanne: Nico Marais*
- *Paaie: Nico Marais*
- *Kommunikasie met lede: Kobus Burger*
- *IT/Webwerf: N'Ré du Toit*
- *Skakeling met belangegroepe: Gideon Knoetze*
- *Addisioneel: Lukas van Niekerk (stemreg), en Gallie van die Hoven (geen stemreg).*

## 14 AFSLUITING

Die vergadering verdaag.

**--oOo--**